**AFSKOPFUNKSIE : SATERDAGMIDDAG 11 FEBRUARIE 2012 om 16:00 vir 16:30**

**BYBELSTAP**

**Ons nooi u hartlik uit na die eerste funksie van die IKK vir 2012! Dit gaan in die vorm van 'n Bybelstap met 'n ete daarna wees. Almal kom om 16:00 vir 16:30 by die atletiekveld van Laerskool Anton van Wouw bymekaar.**

**FANTASIE OPTOG**

**Elke kind wat wil, bring enige iets wat kan ry byvoorbeeld 'n skopfietsie, kaskar of 'n fiets en selfs 'n kruiwa kan werk. Mammas met babawaentjies is ook welkom. Versier jou ryding met ballonne of blomme of ry net so, vir 'n fantasie optog om die atletiekveld. Kinders se gesigte sal van 16:00 met gesigverf geverf word. Om 16:30 gaan hulle onder luide toejuiging van almal een keer om die baan ry.**

**AANMOEDIGINGSPAN**

**Daarna is dit die ouer garde se beurt. Nadat elkeen 'n vrywillige bydrae vir die aankoop van Bybels gegee het, word 'n waterbottel uitgedeel en sal die Bybelstap begin. Almal wat nie wil/kan stap nie, sal deel wees van die aanmoedigingspan. 'n Paar stoele sal beskikbaar wees. Almal gaan ten minste een keer om die baan stap, maar daag mekaar gerus uit vir meer rondtes en meer vrywillige bydraes vir die Bybels. Die Bybelstap sal onder leiding van Andrew en Michelle Fogwill plaasvind.**

**BROEDRLIKE LIEFDE**

**Na die Bybelstap gaan ons om 18:00 vir 18:30 by die kerksaal gesellig saam eet en kuier. Bring 'n mandjie met eie eetgerei en drinkgoed.**

**KOM DEEL IN AL DIE AKSIE, AL DIE DRAMA EN AL DIE OPWINDING!!!**

---

**BYBELSTAP EN ETE : SATERDAG 11 FEBRUARIE OM 16:00 VIR 16:30**

**Ja. _____ woon graag die Bybelstap en ete by.**

**Aantal volwassenes _____**

**Aantal kinders onder 12 jaar _____**

**Onthou u eie eetgerei en drinkgoed.**

**Nee, _____**

**maak verskoning.**